AfriForum



# AfriForum GEMEENSKAPSPLAN

## VIR COVID-19

# INLEIDING:

AfriForum se krag lê in die organisasie se takke en vrywilligers, wat op alle gemeenskapsvlakke leiding neem om saam met AfriForum se ander strukture die gevolge van die COVID-19-pandemie landwyd aan te pak.

AfriForum se hartklop is ons plaaslike takke wat landwyd in gemeenskappe werk om op verskeie gebiede en wyses verligting te bring, oplossings te bied en sodoende hoop te skep.

Die COVID-19-pandemie het meer as ooit bewys dat gemeenskappe hulself nie op die regering kan verlaat nie. Gemeenskappe moet nou soos nooit tevore op gestruktureerde wyse te werk gaan om hulself staatsbestand te maak. Die pandemie het die krag bewys van gemeenskappe waarin persone saamwerk om hul gemeenskappe sélf te bestuur en te beveilig. As mens in ag neem wat AfriForum tydens die inperking vermag het, bevestig dit die doeltreffende vermoë van vrywilligers wat onafhanklik van die staat in gemeenskappe funksioneer. Sien in hierdie opsig die infografika wat hierby aangeheg word.

Gemeenskapsprojekte en -samewerking is uiters belangrik en doeltreffend. Trouens, die COVID-19-krisis het die noodsaaklikheid van takke en gemeenskapsnetwerke beklemtoon. AfriForum se meer as 235 000 lede is deel van ’n landwye netwerk van 142 takke, wat elkeen goed georganiseerd is met takbesture en verskillende portefeuljes. Individuele takke vorm deel van ’n netwerk van takke in streke en provinsies. Dit stel ’n netwerk van gemeenskappe daar wat tydens die COVID-19-pandemie en daarna uitgebou sal word om ’n netwerk van gemeenskappe te bewerkstellig wat mekaar op verskeie gebiede kan ondersteun en tot wedersydse voordeel kan saamwerk.

Die COVID-19-pandemie beïnvloed Suid-Afrika en die wêreld steeds op ingrypende wyse. AfriForum se COVID-19-gemeenskapsplan fokus op vyf sleutelpunte om die welstand van ons lede en hul gemeenskappe te help verseker.

Die gemeenskapsplan fokus op die volgende:

- gemeenskapsveiligheid
- gemeenskapsekonomie
- gemeenskapsvoedselproduksie en -verspreiding
- gemeenskapsgesondheid
- gemeenskapsregering en munisipale dienste.

# GEMEENSKAPSVEILIGHEID

*IAN CAMERON: HOOF VAN GEMEENSKAPSVEILIGHEID*

## Verwagtings vir komende maande

AfriForum verwag ’n toename in armoede en honger, wat tot sosiale onrus en misdaad soos diefstal, huisbraak en inbraak by sakeondernemings kan lei. Die toename in armoede kan ook tot ’n afname in buurtwaglede lei omdat hulle nie meer kan bekostig om patrollie te ry nie. Afhangend van die verdere verloop van die staat van inperking, kan daar ook ’n toename in die plundering van winkels en die skaking van voertuie wees.

Die regering sal op ’n sekere vlak van die staat van inperking voorsiening moet maak vir die herinstel van buurtwagte en ander veiligheidstrukture in gemeenskappe. Soos die samelewing met elke vlak van die staat van inperking na ’n groter mate van normaliteit terugkeer, neem die ruimte ook toe waarbinne die gewoontemisdadiger werksaam is. Die sogenaamde geleentheidsvenster word groter, wat tot ’n toename in misdaad lei.

Ons sien reeds 'n toename in onwettige handel weens drakoniese beperkinge wat die inperkingsregulasies tot gevolg het. Dit sal waarskynlik aanhou of vererger, maar hou nie 'n wesenlike veiligheidsrisiko vir ons lede in nie.

Daar is ook 'n toename in polisie- en weermagbeamptes wat met COVID-19 gediagnoseer word. Dit lei tot 'n vermindering in die staat se mensehulpbronvermoë om misdaad te bekamp.

AfriForum se buurt- en plaaswagte sal aanhou om met die ondersteuning van Solidariteit Helpende Hand met die verspreiding van voedsel aan hulpbehoewendes voort te gaan.

# Bouplan

## *Algemene veiligheidstake*

- Voorsien verdere opleiding aan buurtwaglede tydens die staat van inperking deur middel van digitale platforms.
- Ondersteun die buurtwagbestuur om die nodige gebeurlikheidsbeplanning vir hul gebied te doen en met ander rolspelers in dié gebied te skakel.
- Verwerk en versprei inligting oor die nuwe inperkingsvlakke sodat almal verstaan wat hulle mag en nie mag doen nie.
- Oorweeg verskeie nuwe finansiële buurtwagmodelle om te verseker dat patrollies kan voortgaan ten spyte van lede wat dit nie finansieel breed het nie.
- Bied ondersteuning aan Solidariteit Helpende Hand en ander plaaslike inisiatiewe om gemeenskapslede te ondersteun wat swaar kry. Dit word hieronder in meer besonderhede uiteengesit omdat dit op hierdie stadium – tydens vlak 4-inperking – ons hooffokus is.

## *Verspreiding van voedsel en ander noodsaaklike items*

Die gemeenskapsveiligheid- (GV-) afdeling sal in terme van die voedsel-en-itemverspreidingstrategie twee hoofverantwoordelikhede opneem, naamlik **beveiliging** en **verspreiding**. Die verspreiding van voedsel en noodsaaklike items word landwyd saam met AfriForum se gemeenskapsake- (GS-) afdeling en AfriForum-taklede behartig. Met die uitvoer van dié twee verantwoordelikhede sal die afdeling voortgaan om as nodale skakel aflewerings in samewerking met Solidariteit Helpende Hand te koördineer om onder meer ook rekord te hou in samewerking met AfriForum se GS-afdeling.

## *Beveiliging met verspreiding*

- Help met afstandontledings en aanbevelings vir aflewering- en voorsieningspunte, asook afleweringsroetes.
- Skakel vooraf met die GV-afdeling oor die gepastheid van dié voorsieningsgebiede.
- Help met die fisieke verkenning en beveiliging van aflewering- en voorsieningspunte, asook afleweringsroetes en bergplekke, indien nodig.
- Is gemoeid met enige begeleidingstake in die geval van voertuie wat beveiling vereis en in verskeie plekke aflewerings moet doen.
- Reël of stel beveiligingsgroepe aan (moontlik buitekontrakteurs) om bergplekke waar nodig te beveilig.
- GV-strukture (byvoorbeeld buurtwagte) word bykomend getaak wanneer bykomende beveiliging en mannekrag benodig word. Dié opdrag mag egter slegs via die streekshoofde uitgereik word.
- Die GV-beheersentrum moet die situasie deurgaans moniteer.

## *Verspreidingstake*

- Ontvang versoeke vir voedsel, water, mediese hulp en dies meer van hulpbehoewendes en kommunikeer dié behoeftes aan die nodale punt sodat AfriForum-strukture daarvan bewus is.
- Skakel met verskeie instansies wat bydraes en donasies kan maak (in oorleg met Solidariteit Helpende Hand).

- Behartig berging (gesentraliseerd of gedesentraliseerd) indien groot skenking vir direkte nood ontvang word met die oog op vinnige gedesentraliseerde verspreiding, bo en behalwe deurlopende samewerking met Solidariteit Helpende Hand se Josef Silo's-projek.
- Brei 'n verspreidingsnetwerk uit wat by die bestaande gemeenskapveiligheidstruktuur inskakel, in samewerking met AfriForum se GS-afdeling, Saai en Solidariteit Helpende Hand.

## Vegplan

### *Algemene veiligheidstake*

AfriForum se GV-afdeling vervul 'n waghondfunskie om te verseker dat buurt- en plaaswagte so gou moontlik toegelaat word om weer te kan begin funksioneer om gemeenskapsveiligheid te kan bevorder na gelang van die regering se infasering van die fases vir die heropening van die ekonomie.

---

# GEMEENSKAPSEKONOMIE

*ALANA BAILEY: HOOF VAN KULTUURSAKE; EN*
*SANDERIEN VAN DER WALT: BESTUURDER VIR AFRIFORUM NETWERK EN AFRIVRIENDELIK*

Suid-Afrika voel reeds die negatiewe ekonomiese impak van die COVID-19-pandemie. Ekonomieë in gemeenskappe sal hierdie gevolge ongelukkig nie vryspring nie, want die impak van die pandemie en die inperking op klein en mediumgrootte sakeondernemings is enorm.

AfriForum neem met kommer kennis van voorspellings van afleggings, werksverliese en die sluiting van klein en mediumgrootte sakeondernemings. Die gefaseerde heropening van die ekonomie bied egter weinig uitkoms aan die meeste eienaars van klein en mediumgrootte ondernemings. Dit word vererger deur die weiering en afwesigheid van regeringshulp weens die inagneming van 'n onderneming se SEB-status in die oorweging en toekenning van finansiële hulp, of beperkte regeringshulp deur inisiatiewe soos die fonds vir klein-, medium- en makrosakeondernemings (die *SMME Fund*) en die Toerismehulpfonds.

AfriForum se fokus is op klein en mediumgrootte ondernemings, sowel nasionaal as in die gemeenskap. Ons begryp dat hierdie ondernemings veral tydens die COVID-19-pandemie blootgestel is. Die oorlewing van 'n klein of mediumgrootte sakeonderneming in 'n gemeenskap beteken dat gesinne finansieel kan oorleef, werkers steeds 'n werk kan hê en 'n inkomste kan verdien, en 'n gemeenskap kan bly floreer. Entrepreneurskap wat op hierdie vlakke beoefen word, is noodsaaklik om werkskepping te stimuleer, veral in 'n land waar die regering nie positief staan teenoor sakelui of die lewe vir hulle makliker maak met duidelike beleide en tegemoetkomende wetgewing nie.

## Bouplan

### *AfriForum Netwerk*

AfriForum Netwerk is AfriForum se inisiatief om klein en mediumgrootte ondernemings en diensverskaffers by te staan om 'n netwerk van sakeondernemings en diensverskaffing daar te stel, hulle met relevante inligting toe te rus om optimaal te funksioneer en die bedryf van onderlinge sake te bewerkstellig waar die gemeenskap se kapitaal in die gemeenskap ten bate van die gemeenskap aangewend word.

### *Sake tussen gemeenskappe*

AfriForum Netwerk sal daarop fokus om ondernemings en diensverksaffers in sy takke se gemeenskappe bymekaar te bring om onderling sake te kan doen, maar waar moontlik ook nasionale en selfs internasionale blootstelling aan hulle gee. Ons doel is om soveel moontlik ondernemings en diensverskaffers aan te moedig om lidmaatskap van AfriForum Netwerk op te neem (lidmaatskap is gratis) ten einde die platform te gebruik om die grootste moontlike blootstelling en onderlinge handel aan te wakker.

AfriForum-takke sal vir dié doel ’n besigheidsportefeulje skep wat daarmee gemoeid sal wees om saam met AfriForum se distriks- en streekskoördineerders soveel moontlik ondernemings en diensverskaffers in te skryf. Op dié wyse word ’n netwerk geskep waar sake tussen gemeenskappe bedryf kan word om almal te ondersteun wat deel is van die netwerk. Skakeling met bestaande sakekamers (waar dit bestaan) en ander sakenetwerke sal verbeter word om die maksimum geleenthede en voordele vir lede te beding.

### *Bemagtiging*

AfriForum Netwerk se waardeketting tydens COVID-19-inperking en daarna fokus op die verlening van hulp aan klein en mediumgrootte sakeondernemings deur:

- inligting;
- basiese raad;
- toegang tot spesialiste; en
- AfriVriendelik.

## Vegplan

AfriForum en Solidariteit doen aansoek om direkte toegang tot die Konstitusionele Hof om te appelleer teen die onlangse beslissing van die Hooggeregshof dat SEB-status ’n rol mag speel in die toekenning van finansiële hulp aan klein en mediumgrootte sakeondernemings. AfriForum is van mening dat ras nie ’n rol behoort te speel nie in ’n krisis soos dié, waar alle ondernemings, ongeag die ras van die eienaar of die bemagtigingstatus daarvan, op hulp van die regering geregtig behoort te wees.

AfriForum Netwerk het onlangs ’n platform geskep waar klein en mediumgrootte sake-eienaars – wat vir werkloosheidsversekeringuitbetalings deur die WVF/TERS-fonds aansoek gedoen het, maar geen uitbetalings ontvang nie – ’n petisie teen dié rassisme kan onderteken.

### *Heropening van die ekonomie*

AfriForum moniteer die maatreëls en regulasies vir die gefaseerde heropening van die ekonomie deurlopend en evalueer dit om te bepaal of regsaksie geneem moet word om die heropening van die ekonomie, waar moontlik en wenslik, te bespoedig.

# VOEDSELSTRATEGIE VIR GEMEENSKAPPE

*CORNÉ CRONJÉ: BESTUURDER VIR GEMEENSKAPSTRUKTURE*

Die staat het nie die vermoë om die voedselkrisis die hoof te bied wat uit die COVID-19-pandemie voortspruit nie. Daarom verwag ons geen hulp van die regering nie en sal ons die krisis in ons gemeenskappe self moet oplos. ’n Groeiende voedselnood staar ons gemeenskappe in die gesig. Ons moet dié krisis met ’n veelkantige strategie aanpak wat die voedseltekort en die uitvloeisels daarvan op verskeie vlakke aanspreek.

AfriForum se voedselstrategie is daarop gemik om Solidariteit Helpende Hand se taak van voedselverskaffing aan behoeftiges te verlig. Ons aanslag is plooibaar en sal deurentyd aangepas kan word sodat ons so doeltreffend moontlik is.

Solidariteit Helpende Hand, Saai en AfriForum werk saam om die verskaffing en verspreiding van voedsel op voetsoolvlak te bewerkstellig, wat tot permanente samewerkingsmodelle in gemeenskappe sal lei.

## Bouplan

AfriForum se voedselstrategie sal op die volgende aspekte fokus:

### *Voedselverskaffing*

Takhulpfondse is gestig vir skenkings op plaaslike vlak wat spesifiek op voedselnoodverligting in gemeenskappe sal fokus. Hongersnood word verlig deur voedsel deur middel van dié skenkings te voorsien, terwyl mense in Solidariteit Helpende Hand se maatskaplike netwerk opgeneem word vir assessering en verdere toekomstige ondersteuning.

### *Voedselverkryging*

AfriForum ontvang deurlopend voedselskenkings van persone, sakeondernemings en boere. Skenkings word aangemoedig en geadministreer in oorleg met Solidariteit Helpende Hand. Ooreenkomste word tans met koöperasies gesluit sodat graanskenkings direk aan koöperasies gestuur kan word vir verdere verwerking van byvoorbeeld mieliemeel, wat dan aan die gemeenskap voorsien kan word.

### *Voedselproduksie*

Loodsprojekte is in verskeie gemeenskappe van stapel gestuur om eetbare gewasse aan te plant waar takke dié gewasse kan verbou. Die eerste fase van die loodsprojek behels die oprigting van tonnels waar oeste uit die tonnels aan die gemeenskap gelewer kan word om voedselnood te help verlig.

AfriForum beplan om voedsel in die afsienbare toekoms volhoubaar te verbou in dorpe waar landbougrond beskikbaar is of vir die doel beskikbaar gestel word.

Samewerkingsooreenkomste met plaaslike boere is van groot belang vir hierdie strategie.

### *Voedselverwerking*

AfriForum loods tans 'n projek vir die verwerking en verpakking van gedroogte etes wat teen 'n minimale koste aangekoop en verpak kan word. 'n Loodsprojek vir die vervaardiging van droë bestanddele is ook van stapel gestuur. Dié produk sal ingesluit word wanneer dit verfyn is.

Droë, voedsame maaltye sal op die kort en medium termyn verskaf en geberg word sodat dit in samewerking met Solidariteit Helpende Hand aan behoeftiges uitgedeel kan word.

## Vegplan

AfriForum ondersteun Solidariteit Helpende Hand in toekomstige litigasie om die sentralisering van skenkings deur die regering te verhoed.

# GEMEENSKAPSGESONDHEID

*DR. EUGENE BRINK: STRATEGIESE RAADGEWER*

Een van die groot probleme wat deurentyd beleef word en nou deur die COVID-19-pandemie vererger en beklemtoon word, is die kwessie van eensaamheid en die gepaardgaande probleme wat dit vir geestesgesondheid inhou. Veral ouer mense, maar ook baie jonger mense, kan dit ten prooi val. Ouer mense is baie blootgestel in hierdie tyd omdat hul kinders en ander naasbestaandes nog minder kan kom kuier. Dit is egter 'n permanente verskynsel wat nou bloot vererger word.

Veral ouer mense sonder mediese fondse kan dalk nou sukkel om mediese behandeling te kry omdat staatshospitale oorlaai word. Ander sal weer sukkel om hul medisyne in die hande te kry. Openbare hospitale kan bloot mense met ander kwale begin wegwys weens hul COVID-19-werkslading; trouens, sulke stories doen reeds die rondte.

Inligting bly een van die publiek se grootste behoeftes en daarom moet dit op 'n meer gestruktureerde wyse aangespreek word. Baie mense is ook ontnugterd met en verward deur die inperking en wat dit nou eintlik behels. Hier speel AfriForum reeds 'n groot rol deur lede van gegronde inligting te voorsien.

Daar is steeds 'n groot (selfs groeiende) behoefte aan persoonlike beskermende toerusting (PBT) by verskillende tehuise en ander instellings. Maskers, handreinigers, handskoene en ander toerusting is iets waarvoor baie instellings – wat reeds geldelik onder druk is – nie begroot het nie en nie kan bekostig nie.

Voedsel bly eweseer 'n groot en groeiende nood. Die ekonomiese impak van COVID-19 en die inperking gaan nog vir lank gevoel word. AfriForum is reeds een van die grootste verspreiders in die land en hanteer reeds reuseskenkings van onder meer nartjies, lemoene, meel en verskeie ander kossoorte.

## Bouplan

### *Kommunikasie*

AfriForum stel kundigheid oor gesondheidsake en veral COVID-19 aan ons lede en takke beskikbaar. Dit sal meer gestruktureerd op verskeie maniere aangepak word. AfriForum moet die primêre bron van betroubare, gekontekstualiseerde inligting vir Afrikaners word.

### *Verspreiding van kos en immuniteitsinisiatief*

Hierdie inisiatief sal waarskynlik meer momentum kry soos boere uit hul oeste skenk. Ons sal aanhou om die publiek oor die bevordering van immuniteit in te lig en terselfdertyd die skenkings versprei.

### *Verskaffing van PBT*

Ons sal – waar vermoë en begroting dit toelaat – personeel van instellings wat kritieke dienste in die gemeenskap verrig en weerlose en blootgestelde persone versorg, met die verskaffing van PBT-benodigdhede ondersteun. AfriForum het reeds in gemeenskappe landwyd skenkings van PBT gemaak aan die SAPD, mediese personeel en ouetehuise. Hierdie aksies sal aangevul en geëskaleer word. AfriForum loods tans 'n inligtingsveldtog met raad oor die tuisvervaardiging van maskers om gemeenskappe te bemagtig om self lapmaskers te kan maak.

### *Skole*

AfriForum beplan loodsprojekte vir die toets van die ontsmetting van skole in samewerking met plaaslike rolspelers. AfriForum se onderwysafdeling rol tans maatreëls in samewerking met AfriForum Jeug uit om skole met verskeie maatreëls by te staan om die veilige terugkeer van leerders na skole te verseker. Dit sluit inligtingsveldtogte en hulp met die aankoop van toerusting soos termometers en handsaniteerders in.

## Vegplan

### *Waghondfunksie ten opsigte van owerheidsnalatigheid en -vergrype*

Hierdie punt het veral betrekking op die behandeling van die publiek by hospitale en kwarantynfasiliteite. Daar rus 'n grondwetlike verpligting op hospitale om mense te behandel en dit moet nagekom word. Verskeie remedies soos regsaksie en mediadruk sal gebruik word om onregte te beveg. AfriForum het onlangs 'n suksesvolle dringende aansoek by die Hooggeregshof ingedien om die sluiting van die kwarantynfasiliteit naby Groblersdal te verseker.

Sien die aangehegte infografika vir statistieke oor die skenking van handreiniger.

---

# PLAASLIKEREGERINGSAKE EN MUNISIPALE DIENSTE

*MORNÉ MOSTERT: BESTUURDER VIR PLAASLIKEREGERINGSAKE; EN*
*LAMBERT DE KLERK: BESTUURDER VIR OMGEWINGSAKE*

Plaaslike regering is die vlak van regering wat die grootste verantwoordelikheid dra om dienste aan gemeenskappe te lewer. Selfs voor die COVID-19-pandemie was munisipaliteite reeds onder geweldige druk en het nie aan standaarde voldoen nie. Die provinsiale en nasionale sfere van regering, wat daarvoor verantwoordelik is om te verseker dat munisipaliteite aan hierdie standaarde voldoen, skiet gereeld te kort.

Die staat van inperking het die omstandighede vererger en daar moes dus dringend stappe gedoen word om lewensverlies te verhoed. Die vraag wat AfriForum in die gesig staar, is wat die invloed van die pandemie op munisipaliteite sal wees. Dit is baie duidelik dat een van die gevolge van die inperking is dat die ekonomie ernstig gekniehalter word. Dit het 'n direkte impak op die vermoë van verbruikers om vir dienste te betaal. Volgens die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering (SALGA) sal dit 'n wesenlike impak op die totale waardeketting van munisipale dienslewering hê.

AfriForum glo dat die vermindering van inkomste ook 'n probleem vir Eskom gaan veroorsaak. Dit gaan Eskom geleentheid bied om 'n aansoek vir 'n regulatoriese verrekeningsrekening (RCA-aansoek) by Nersa in te dien omdat dit die aangewese wyse is waarop Eskom dié fondse in die begroting kan terugkry. Dit is egter belangrik om te onthou dat Nersa tydens vlak 5-inperking gesluit was. Dit beteken dat Nersa alle aansoeke vir elektrisiteitstariewe moet oorweeg vóórdat munisipale rade hul onderskeie begrotings kan goedkeur.

Om op te som: Dienslewering in Suid-Afrika gaan onder geweldige druk verkeer. Die staat was reeds onder geweldige druk wat dienslewering betref, maar die COVID-19-pandemie het dié situasie bloot vererger. Wat belangrik is, is dat gemeenskappe in Suid-Afrika oor die vermoë en kennis moet beskik om antwoorde vir probleme op voetsoolvlak te bied. Munisipaliteite moet steeds aan die standaarde van die Grondwet en ander wetgewing voldoen. Gemeenskappe kan saamspan om te verseker dat dienste op volhoubare wyse gelewer word deur ooreenkomste met die staat te sluit.

## Bouplan

Gegewe die omstandighede hierbo sal AfriForum steeds met die volgende projekte voortgaan:

### *Rampbestuursplanne*

AfriForum se takstrukture sal voortgaan om rampbestuursplanne op te stel en te verfyn na gelang van gemeenskappe se behoeftes.

### *Waterstrategie*

AfriForum se COVID-19-waterstrategie fokus daarop om binne ons vermoë skoon, drinkbare water aan die gemeenskap te verseker. Die strategie het sowel 'n statiese as mobiele waterleweringselement.

### *Selfbestuur van dienste*

Veral op die gebied van vullisverwydering het AfriForum reeds loodsprojekte geïdentifiseer om vullisvewydering self te bestuur wanneer dié dienste in gemeenskappe heeltemal ten gronde gaan. AfriForum sal eersdaags sy eie diensleweringsmaatskappy stig, wat vermoë en kundigheid moet ontwikkel en mobiliseer om dienste aan gemeenskappe te begin lewer sonder dat dit van die staat afhanklik is.

### *Openbare-privaat vennootskappe*

Die verbrokkeling van munisipaliteite en die finansiële verknorsing waarin die meeste munisipaliteite hulself bevind, sal deur die ekonomiese gevolge van die COVID-19-pandemie verhaas word. Dit skep omstandighede waarbinne AfriForum sal poog om bestaande regsruimtes te vul om munisipaliteite te help om die dienste te bestuur. Die eerste area waarop AfriForum sal fokus, is dié van openbare-privaat vennootskappe (OPV's; Engels: *public-private partnerships* of *PPPs*).

Munisipaliteite bevind hulself in 'n snel veranderende tegnologiese omgewing en kan vanweë mededingingskoste nie altyd toegang tot doeltreffende tegnologie verkry nie. Die privaat sektor, daarteenoor, bevind hom in 'n mededingende omgewing en maak gebruik van bewese bestuursprosesse en tegnologie. 'n OPV skep die ideale geleentheid om die gaping wat hier bestaan doeltreffend te oorbrug.

OPV's is langtermynooreenkomste tussen 'n staatsorgaan soos 'n munisipaliteit en 'n privaat entiteit, wat in die meeste gevalle 'n geregistreerde maatskappy is. Die doel van 'n OPV is om dienste wat deur 'n staatsorgaan gelewer moet word aan 'n privaat maatskappy oor te dra om dié funksies te verrig of dienste te lewer, met 'n gepaardgaande risiko vir die privaat vennoot.

Sonder om die wiel te herontwerp, kan die gebruik van bewese tegnologie, ervaring en kundigheid gedeel word, wat kostedoeltreffend vir staatsorgane sal wees. Vir die publiek beteken dit beter en kostedoeltreffende dienste, wat 'n surplus behoort te laat om nog meer dienste te kan lewer.

## Vegplan

### *Waghondfunksie*

AfriForum se waghondfunksie op plaaslikeregeringsvlak – naamlik om dienslewering sover moontlik te bewerkstellig – is nou belangriker as ooit tevore. AfriForum sal dus steeds voortgaan om dié waghondfunksie in terme van dienslewering te vervul deur druk op nasionale regeringsvlak toe te pas om te verseker dat staatsdepartemente nie bloot hul oorsigfunksie vervul nie, maar ook verseker dat toepaslike optrede aan die vereistes van die Grondwet en ander wetgewing voldoen.

### *Elektrisiteitstariewe*

AfriForum moet munisipale elektrisiteitstariewe dophou sodat sowel Nersa as die munisipaliteit 'n billike proses volg met aansoeke vir en goedkeuring van elektrisiteitstariewe. Die organisasie sal ook appèl aanteken teen Nersa se *Cost of Supply*-studie.

### *Rabatte*

AfriForum sal munisipaliteite se verordeninge ontleed om te kyk watter rabatte beskikbaar is vir mense wat tydelik sonder inkomste is.

## *Strategiese litigasie*

Afriforum sal eersdaags strategiese regsake van stapel stuur in die sfeer van plaaslikeregeringsake.

## *Deelname aan die geïntegreerde ontwikkelingsplanne*

AfriForum neem elke jaar aan munisipaliteite se geïntegreerde ontwikkelingsplanne deel, wat die kerndokument vir munisipale dienslewering is. AfriForum bestudeer hierdie dokumente nie alleen om tekortkominge daarin aan die betrokke munisipaliteit uit te wys nie, maar ook om moontlike oplossing voor te stel.

Deelname aan hierdie prosesse gaan steeds voort, die COVID-19-pandemie ten spyt.

AfriForum

*deel van die Solidariteit Beweging*